COMMUNITY NEWSPAPER

# GansBerg Nuus/News

PRICE R15.00

9 Januarie 2026

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

285ste Uitgawe

## Ystermanne tem die see

Die jaarlikse - en reeds 37ste - *Six Gun Grill Trans Agulhas-uitdaging*, bekend as die wêreld se moeilikste opblaasboot-uitdaging, het vanjaar weer van 28 tot 31 Desember 2025 'n avontuurlike fees langs ons kuslyn opgelewer. Oor bykans 700 km het deelnemers vanaf Plettenbergbaai tot by die Strand meegeding, met 'n besoek aan Gansbaai op die laaste dag. Uilenkraalsmond is vanjaar weens digte mis oorgeslaan.

Hierdie ikoniese wedren bly een van die grootste hoogtepunte op die watersport-kalender en 'n ware trekpleister vir toeskouers en atlete wat die feestyd aan die kus deurbring. Ongeveer 48 bote het deelgeneem, met ervare veterane én nuwelinge wat die ruwe en onvoorspelbare see die hoof gebied het. 'n Ware bewys van menslike vasberadenheid teen die elemente. “Dit bly die uiteindelike toets van vaartalent, uithouvermoë en spanwerk,” het organiseerder Stefan Lindeque gesê.



**TMS BOUERS**

Manny 082 675 8410

admin@tmsbouers.co.za

NHBRC No: 3000265163 / Reg No: 1999/031335/23



NATIONAL HOME BUILDERS NHBRC REGISTRATION COUNCIL

Since 1999

**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**
**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*




**Algehele wenners 2025**
Die eerste drie algehele wenners, in die volgorde van *Pilot - Co-pilot - Bootnaam - Tyd*, was:
*1ste: Eben de Bod - Devan Marais - *Infanta* - 06:22:58;
*2de: Wehan Malan - Harry Erasmus - *Ceasar* - 06:30:32;
*3de: Ayrton Martinengo - Dylan Burger - *Infanta* - 06:34:29.

**Wedrenroete en afstande**
Die moordende vier dae lange uitdaging is in vyf skofte voltooi:
*Dag 1 - Skof 1: Plettenbergbaai → Mosselbaai (188,5 km);
*Dag 2 - Skof 2: Mosselbaai → Stilbaai (86 km);
*Dag 3 - Skof 3: Stilbaai → Struisbaai (161 km);
*Dag 4 - Skof 4: Struisbaai → Uilenkraalsmond / Gansbaai (87 km);
*Dag 4 - Skof 5: Uilenkraalsmond / Gansbaai → Strand (136 km);
*Totale afstand: 658,5 km, met Dag 4 alleen - 223 km.

**Hoogtepunt vir Groter Gansbaai**
Vir die Groter Gansbaai-gemeenskap is die jaarlikse hoogtepunt tradisioneel die aankoms op 31 Desember by Uilenkraalsmond, wanneer groot skares die ystermanne verwelkom. Ongelukkig het die mistige weerstoestande vanjaar hierdie feesbedrywigheid bederf - maar gelukkig kon die deelnemers tog later die dag in Gansbaai gesien word, tot groot vreugde van plaaslike toeskouers en besoekers. Volledige besonderhede oor die wedren is beskikbaar by:
www.trans-agulhas.com

**Hardus Botha**



























# Nimmereindigende Veldbrande

Na die verwoestende brand wat onlangs naby Pearly Beach gewoed het, het dit begin voel asof vanjaar se brande nimmereindigend is. 'n Inwoner van Pearly Beach het tereg gevra: *"Was daar al soveel brande in Groter Gansbaai as die afgelope tyd?"* Lugondersteuning en twee brandbestryderspanne het weer bontgestaan om die brande te blus.

Die *Gans-Berg Nuus* het op 5 Januarie 2026 omstreeks 12:36 die brand by Pearly Beach van die berg af geneem - skrikwekkend - met die brand wat toe in die rigting van Duyneveld versprei het. Vriende van Stellenbosch, Gawie Cilliè sy eggenote, Eunice, het 'n foto aan ons gestuur van waar hulle in Franskraal vakansie gehou het - eweneens skrikwekkend. Saskia van Zyl, 'n voormalige personeellid van die *Gans-Berg Nuus* en dogter van die eienaar, Michelle van Zyl, het ook foto's aan ons gestuur wat sy vanaf die berg by Baardskeerdersbos geneem het.

Na die aanvanklike sluiting van die R43, het die Overstrand Munisipaliteit laat weet dat die R43 by die Uilenkraalsmond- en Pearly Beach-kruising weer oopgestel is.

**Hardus Botha**


*Eunice Cilliè se foto vanaf Franskraal.*


*Michelle van Zyl se foto vanaf die berg by Pearly Beach.*



*Saskia van Zyl se foto vanaf Baardskeerdersbos.*


*Die wenner van 'n gerieflike strandstoel by Tops Gansbaai is Deon Rademeyer (regs). Brett Bulpitt van Tops Gansbaai het die prys aan Deon oorhandig - baie geluk, Deon, geniet jou prys. Hardus Botha*


*Wenner nr 2 van 'n gerieflike strandstoel by Tops Gansbaai is Malcolm Ras (links). Brett Bulpitt van Tops Gansbaai het die prys aan Malcolm oorhandig - baie geluk, Malcolm, geniet jou prys. Hardus Botha*



# Toonsettings van AD Keet se Gedigte
# Samesteller - Ilse Keet van Pearly Beach



**AD Keet soos baie hom sal onthou.**


"Dis snaaks dat sangers dood moet gaan… dood moet gaan om op te staan" - uit die pen van volksdigter-dokter Albertus Daniël Keet, alias Oupa Senekal, AD Keet; gebore 14 Oktober 1888 te Alice, Oos-Kaap; oorlede 12 Februarie 1972 te Senekal, Vrystaat (bykans 84 jaar oud). Sy gedigte is oor 107 jaar deur 'n verskeidenheid musici getoonset - met sy kleindogter van Pearly Beach, Ilse Keet, wat die enorme taak aangepak het om, waar moontlik, alle bundels en toonsetters op te spoor vir die samestelling van hierdie unieke bundel, *Toonsettings van AD Keet se Gedigte*.

"Ons dra hierdie werk op aan Oupa Senekal, AD Keet, en sy nakomelinge, wat reeds in hul wiegies sy gedigte gehoor het en op hul oudag steeds saamsing en gediggies opsê vir die agter-agterkleinkinders," skryf Ilse. Sy en haar broer Christiaan Keet in Londen en haar suster Nelleke Keet in Pearly Beach, het die publisering van die bundel op hul eie skouers geneem - en 'n uitstekende werk daarvan gemaak.

Ilse vertel dat die eerste toonsetting van een van Keet se verse reeds in 1918 in Nederland in druk verskyn het - twee jaar voordat sy eerste digbundel deur Swets en Zeitlinger in Leiden, Nederland, gepubliseer is. In die 107 jaar wat daarna verloop het, is toonsettings van 46 van Keet se gedigte deur 63 individue uit 'n verskeidenheid agtergronde en lande van herkoms geskep - waarvan die mees onlangse 'n 2024-produksie van Kunsmatige Intelligensie (KI) is.

Die reikwydte van die toonsettings het gedurende die Covid-inperkingstyd in 2021 aan die lig gekom toe Ilse haar pa en oupa se dokumentêre nalatenskappe deurgewerk het. "Ek het myself ten doel gestel om die toonsettings wat behoue gebly het, te vind, ongeag wat ook al," het Ilse gesê. "Hierdie soektog van my kulmineer in 'n bundel wat, alhoewel dit nie primêr 'n naslaanwerk is nie, die invloed van Keet se werk op musiek en die reikwydte daarvan dokumenteer."

Die 'speurtog' na toonsettings het in universiteits- en dorpsbiblioteke, kerkargiewe, konservatoriums en stowwerige solders begin, in sowel Suid-Afrika as die buiteland - 'n enorme taak. Ilse het gepoog om die soliste, komponiste, musikante, predikante, 'n herbergier, plantkundige, onderwyser, skilder en studente wat gedigte getoonset het (of hul nakomelinge) in lande soos Vlaandere, Oekraïne, Switserland, Wallis, Paraguay, Nederland, Duitsland, Australië en die VSA op te spoor. Sy moes ook skriftelike toestemming verkry om die toonsettings in hierdie bundel op te neem.




**'n Kosbare kleinnood in die bundel, sowat drie jaar voor AD Keet se afsterwe.**

Keet se werke sluit uiteenlopende temas in - van humor en kindertjieverse tot minneliedjies en vaderlandse poësie. Hy word soms as 'n baanbreker van Afrikaanse minnedigte beskryf, en sy eenvoud en "sangerigheid" was vir baie lesers 'n besondere kenmerk. Dit is moeilik om gedigte uit te sonder, maar die Gans-Berg Nuus het besluit om een van Keet se bekendste gedigte, *Muskietejag*, saam met hierdie berig te publiseer.

Besoek gerus die webtuiste https://toonsettings.keet.net, of kyk na AD Keet op LitNet en/of Wikipedia vir meer inligting.

"Ten slotte is dit my hartsbegeerte dat die leser deur hierdie bundel sal kennis maak met mense van reg oor die wêreld wat tydens hul lewensreis só geraak is deur ons moedertaal, dat dit hulle geïnspireer het om musiek te maak," - Ilse Keet (Samesteller)

*(Bron: Toonsettings van AD Keet se Gedigte, asook foto's, is met die nodige toestemming van die Samesteller gebruik.)*

**Hardus Botha**



**Die jong AD Keet.**



**AD Keet trou met Neeltje Nulda Cornelia (Nell) van der Poll, wat hom op 32-jarige ouderdom, 12 jaar later, ontval.**



**AD Keet trou met Catharina (Rina) van der Merwe in 1939.**

# Vissermans Toewydingsdiens

Na 'n suksesvolle en gewyde Vissermans Dankdiens op 14 Desember 2025, kan die gemeenskap nou reeds kennis neem van die Vissermans Toewydingsdiens op 25 Januarie 2026. "Ons stel 'n sterker span saam om ons met voertuigparkering by te staan," het ds Floors Avenant, organiseerder, gesê. Floors sê om die arena ordelik, veilig en effektief gereed te kry vir die beste klank en deelname, bly 'n groeiende uitdaging. "Ons is dankbaar dat Gansbaai AGS-gemeente spontaan hul groter voorraad stoele aangebied het," vertel Floors. "Bring maar veiligheidshalwe weer stoele saam sodat ons kan aanvul waar daar stoeltekorte is."

Die diens begin weer 'n halfuur vroeër en moes ook twee weke aanskuif, soos met Gansbaai Marine en Gansbaai Pelagies vooraf gereël is. "Die Fabriek open die eerste week van Februarie 2026 en, soos ons 2025 saam geëindig het, begin ons weer 2026 saam," het Floors verduidelik. "Twee weke later gee ons almal kans om net ons dinge vir die afskop van die jaar mooi in plek te kry en selfs betyds terug in Gansbaai te kan wees."

**Diensbesonderhede:**
*Datum: 25 Januarie 2026;
*Tyd: 18:00 vir 18:30;
*Samesang vanaf 18:15;
*Plek: Gansbaai-hawe, voor Boathouse Pub en Restaurant;
*In die geval van stormweer, verskuif die diens na Gansbaai AGS-gemeente;
*Uitdeel van pamflette: vanaf 17:00 by die hekke.

**Die program kom kortliks op die volgende neer:**
*Predikers: Afrikaans - ds Mauritius Pienaar; Engels - dr Robert Johnson;
*Samesang: Die "Goue Oues", plus 'n paar verrassings;
*Gesamentlike gebed sal daar gereël word;
*Lekkergoed vir die kinders en die hongeriges sal weer daar wees.

**Belangrik:**
"Kom ons werk almal soos een saam oor al die mooi diversiteite van ons gemeenskap en hou dié samekoms van ons Groter Gansbaai-gemeenskap as 'n teken van vrede, hoop, samewerking en kreatiwiteit," is Floors se pleidooi.

**Gansbaai Vissermansdankdiens 2025:**
Floors het met dankbaarheid getuig dat die diens van 14 Desember 2025 vir ons gemeenskap 'n besondere ervaring was. Dit was 'n heerlike aand voor die Boathouse Pub en Restaurant, met baie vissermanne, pelagies en ander wat dit bygewoon het. Ook vriende en families van die vissermanne en ander gemeenskapslede was teenwoordig. "Sommiges sal seker ook vra: 'Nou wat van die visservroue?!'," sê Floors. "Ons het ons algehele tyd 'n halfuur vroeër geskuif om ons mense van buite die dorp te kan akkommodeer en dit het goed gewerk, met veral heelwat meer kinders wat opgedaag het en iemand wat opgemerk het dat dit waarskynlik een van die besondersteunde geleenthede nóg was." Floors sê die eerste vissermansdiens is in 1963 gehou - toe nog op die sewe Ganse (Pelagiese vissersbote).

**Maak 'n knoop in die oor:**
… vir die komende Vissermans Toewydingsdiens op Sondag, 25 Januarie 2026. Hou die Gans-Berg Nuus dop vir die Engelse weergawe van hierdie berig in ons volgende uitgawe.

**Hardus Botha.**



*2025 se Vissermans Dankdiens. (Foto: Johan le Roux)*






# Laaste Superspar-wenners vir 2025

Hierdie is die laaste groot groep gelukkige pryswenners by Gansbaai Superspar - met pryse wat beslis nie te versmaai is nie. "Volgende jaar maak ons weer so - wees gerus op die uitkyk daarvoor," vertel Annalise Theunissen. "Hiermee saam stuur ons ook ons wense vir 'n Voorspoedige Nuwe Jaar aan die gemeenskap, ons kliënte en die *Gans-Berg Nuus*. Ons vertrou dat almal 'n suksesvolle 2026 sal beleef."

**Hardus Botha**














# Vissermanswyshede van Ouds

Die manne wat weet - die hardebaarde (geharde vissermanne) - het destyds die volgende wyshede met my gedeel. Dít is waaraan vas geglo is…oordeel self.

**Daar is gesê...**

Jy mag nie op see fluit nie - dit bring wind;
'n Bobbejaan bring storms;
Jy mag nie Vrydae "losgooi" nie;
Viskos kom op in donderweer en sak daarna weer;
Sardyne wat in warm water (Januarie) gevang word, is swak;
Snoek kom pap uit warm water;
Meer modern: gebakte eiers veroorsaak dat jy nie vis vang nie;
Jy kan 'n ander man se vis "afpraat".

**Die volgende is as aanbevelings beskou:**

Haal die motor uit rat vir 'n haai;
Gebruik wit aas in skoon water;
In vuil water – visaas;
Blaasoppies is 'n teken van warm water;
Snoek word selde hier by ons (soos aan die Weskus) met dollies gevang - hulle kom hier kuitskiet en bly dus diep;
In vlak water kan die skaduwee van die boot vangste benadeel, net soos dié van die ankertou;
Tjokka beskerm hulle eiers - visse soos rooi roman maak die tjokka aggressief wanneer hulle wil aanval, en 'n rooi "jig" kan dan 'n sukses wees.

**Albert Potgieter, voormalige Hengel-rubriekskrywer vir die Gans-Berg Nuus**
(*Met goedkeuring verwerk deur Hardus Botha*)


*Vissermansskuite van ouds*

Medical 911

CMC CRITICAL MEDICAL CARE
PRIVATE AMBULANCE
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544
HERMANUS | GANSBAAI | CALEDON
KLEINMOND | BREDASDORP | ROBERTSON

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

1 LIFE RESCUE
1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

# Immergewilde Franskraalstrand

Soos elke jaar het ons immergewilde Franskraalstrand vanjaar weer met tye soos 'n miernes gelyk. Sambrele teen die warm son, smeergoed vir die eina-sonbrand, sandkastele bou, swem in die see, jubelende kinders, verversings geniet en stappies op die sand - sommer tot by Uilenkraalsmond en verder - dit was net ontspan, ontspan … en skielik was die gesukkel om parkeerplek te kry lankal vergete.

Die tuintjie voor die toiletgeriewe vertoon pragtig - dankie aan diegene wat die inisiatief aan die dag gelê het. Die res van ons omgewing is eweneens terdeë geniet: Stanfords Cove, Uilenkraalsmond, ons twee volgepakte karavaanparke, Elim, Pearly Beach, Baardskeerdersbos, Hermanus en oral waar 'n mens 'n draai kon maak, was dit net vakansiegangers … en locals natuurlik.

**Hardus Botha**



*Kuiergaste vanaf Worcester - linksom is Soraya Cupido, Shamiem en Piere Erasmus en Ithaam Martie.*



*Die pragtige tuintjie voor die toiletgeriewe.*
















# Muskietejag

## AD Keet

Jou vabond, wag, ek sal jou kry,
van jou sal net 'n bloedkol bly
hier op my kamermure.
Deur jou vervloekte gonsery,
Deur jou gebyt en plaery
kon ek nie slaap vir ure.

Mag ek my voorstel, eer ons skei,
eer jy die doodslag van my kry -
my naam is Van der Merwe.
Muskiet, wees maar nie treurig nie,
wees ook nie so kieskeurig nie,
jy moet tog eendag sterwe.

Verwekker van malaria,
sing maar jou laaste aria -
nog een minuut vir grasie.
Al soebat jy nou nog so lang,
al sê jy ook: ek is nie bang,
nooit sien jy weer jou nasie…

Hoe sedig sit hy, o, die kreng!
Sy kinders kan maar kranse bring,
nou gaan die vabond sterwe…
Pardoef! Dis mis! Daar gaan hy weer!
Maar dood sal hy, sowaar, ek sweer -
My naam is Van der Merwe!

# Vrolike en gesellige Gansbaai Aandmark











**"Gansbaaiers het nie nodig om na Hentiesbaai te ry vir mooi visse nie, ons het genoeg!" - Riaan Booysen van De Kelders. Riaan het hierdie pragtige Steenbras by Pearly Beach se Klein Gruis gevang - Gewig 15kg; Lengte 1.11m. Baie geluk, Riaan!**
**Hardus Botha**







**Foto 1: Leucospermum**
**This picture was inspired by the golden light of sunset over the Walker Bay Region. Look at these beautiful variations on Leucospermum patersonii photographed by Grootbos' Reserve Manager, Mike.**

**Foto 2: Kingfisher**
**Check out the charismatic Malachite kingfisher with his fringe lifted in the wind - impressive fascinator!**




DON'T PROCRASTINATE BOOK NOW!

SEAN IS YOUR PAIN RELIEVING THERAPIST

- Sports massage
- Therapy
- Personal training
- Nutrition



Sean Brehm

Sports Therapy Gansbaai

Sean: 084 344 2782 - sean@sportstherapygansbaai.co.za www.sportstherapygansbaai.co.za

# CLASSIFIEDS

**KLEINMOND SKRYNWERKERS**
Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.
Ben-Louis Fourie: 083 330 8049
Fax: 086 266 1160
Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za

**CNC Sweis & Staal**
* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

**Maintenance Man**
*Noem dit en ons doen dit!*
Kontak Deon: 076 838 2890

**Wall Seal**
Reg No: 2022/809475/07
WE GET IT DONE
- Waterproofing walls & roofs
- Roof Cleaning
- Painting
- Sealing roofs with Liquid Rubber Sealant
- Painting of houses Internal & External

Call Mike on 063 708 4283

**CONTACT US TO ADVERTISE:**

UNITY SERVICE RECOVERY
ALCOHOLICS ANONYMOUS
DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?
EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET
THERE IS HELP...
060 597 5419
078 307 7783

**VIBRACRETE MURE**
**Gansbaai Precast**
* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R730 per meter
(Prys net vir Gansbaai Area)
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal
Ons diens dek die hele Overberg

Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

**Te Koop**
'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. 028 384 0480




**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**

**Anglo Windows**
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*

Hilton Hitge
084 558 1902
*info@anglowindows.co.za*

WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

**GANSBAAI PROPERTIES**
028 384 1197
082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
*We hold the key to your property*

Freda:063 668 4577
freda@gansberg.co.za
Janine:072 931 1431
janine@gansberg.co.za

**Technokil**
State Registered Pest Control Services
- INDUSTRIAL & COMMERCIAL PEST CONTROL
- BEETLE INSPECTIONS
- TIMBER TREATMENTS
- FUMIGATIONS
- FRIENDLY PERSONAL SERVICE

Free Quotations
Riaan van Niekerk
admin@technokil.co.za
082 878 7093

**FRANSKRAAL VEHICLE SERVICING**
CONTACT AUBREY
076 651 6789

**Have a Story you want to Share?**
Hadus:
082 786 0494
info2@gmail.com

## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335 |
| | 0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care Ambulans: | 028 001 0544 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |

## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Maryna Basson - 073 439 1979
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Stuart Hayman - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877


NEIGHBOURHOOD WATCH

# BRAIN TEASERS

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| V | D | D | T | D | G | K | O | X | J | Q | D | E | S | O | O | M |
| U | O | R | L | B | A | R | R | A | C | U | D | A | T | T | T | O |
| J | N | A | C | I | L | E | P | A | C | Y | E | Y | A | F | T | A |
| T | K | P | P | A | E | V | N | H | L | B | L | A | O | D | E | R |
| G | E | O | I | Y | K | U | I | R | I | W | A | I | G | R | R | B |
| M | Y | E | F | S | D | N | O | S | B | M | O | M | A | L | A | G |
| C | Y | L | L | Q | C | T | O | W | R | X | D | D | A | U | E | T |
| V | O | O | B | H | A | N | T | O | J | E | I | M | A | L | Q | T |
| W | T | P | I | G | Y | I | E | R | S | A | I | U | Y | E | L | U |
| H | Z | L | I | E | J | K | R | D | Z | A | C | N | L | N | M | V |
| E | L | L | K | T | F | U | R | F | B | D | U | K | D | Q | K | Z |
| A | L | R | D | S | Z | W | E | I | J | Q | Q | C | A | E | C | F |
| A | U | T | F | D | D | N | F | S | F | U | X | L | V | L | E | J |
| T | O | R | R | A | P | M | S | H | B | D | C | O | U | G | A | R |

ALLIGATOR
BARRACUDA
BISON
CHINCHILLA
COUGAR
DONKEY
EAGLE
FERRET
JACKAL
LEOPARD
LLAMA
MEADOWLARK
MOOSE
OTTER
PARROT
PELICAN
REINDEER
SLOTH
SWORDFISH
TURKEY
WOLF

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3 | | 5 | 7 | | 6 | | | |
| | | | 1 | | | | | |
| | | | | | | 9 | 4 | |
| 6 | | 2 | | 4 | | | | 9 |
| | 5 | 1 | | | | | | 7 |
| | | | 3 | | | | | |
| | 1 | | 2 | | | | | |
| | | 6 | | 5 | | 8 | | |
| | | | | | 8 | | | 3 |




## ANSWERS

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5 | 4 | 1 | 7 | 6 | 9 | 2 | 8 | 3 |
| 7 | 2 | 3 | 8 | 1 | 5 | 4 | 9 | 6 |
| 6 | 9 | 8 | 2 | 3 | 4 | 1 | 5 | 7 |
| 1 | 6 | 4 | 3 | 7 | 8 | 5 | 2 | 9 |
| 8 | 3 | 5 | 9 | 2 | 1 | 6 | 7 | 4 |
| 9 | 7 | 2 | 4 | 5 | 6 | 3 | 1 | 8 |
| 2 | 8 | 6 | 5 | 9 | 3 | 7 | 4 | 1 |
| 3 | 5 | 9 | 1 | 4 | 7 | 8 | 6 | 2 |
| 4 | 1 | 7 | 6 | 8 | 2 | 9 | 3 | 5 |

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| F | G | Z | T | T | R | G | K | Z | G | S | T | R | F | W | F | G |
| A | N | K | O | U | T | B | N | N | C | R | X | I | G | G | E | A |
| I | I | N | U | P | B | A | I | I | A | H | S | A | N | V | S | J |
| R | F | T | R | Q | B | W | N | V | N | H | T | T | I | X | T | L |
| S | L | Z | I | G | O | C | E | N | I | E | V | Y | K | D | I | L |
| U | O | N | N | M | I | L | I | N | I | P | D | C | I | R | V | A |
| W | G | J | G | P | L | S | G | V | G | N | U | R | H | B | A | B |
| F | A | P | X | I | O | N | F | S | O | N | G | E | A | M | L | E |
| S | A | T | N | K | I | T | E | F | L | Y | I | N | G | G | S | S |
| J | O | G | E | M | G | N | I | P | M | A | C | L | I | L | D | A |
| H | S | C | M | R | U | B | O | A | T | I | N | G | I | K | F | B |
| E | W | I | C | S | I | I | P | A | R | A | D | E | S | A | I | M |
| N | W | U | P | E | A | N | L | L | A | B | T | O | O | F | S | B |
| S | I | V | U | L | R | N | G | H | G | N | I | G | G | O | J | T |


# Vis-byname

Helikopter, parrie, kombers, twakkie, PW, gelopene, smelter, oulyf, kortbroek, seerhandjies, outjol - name uit een of ander argief? Nee, beslis nie. Die wat "ken van", sal weet dit is byname wat hier by ons, en in sommige gevalle ook elders, gebruik word om verskillende vissoorte vanuit die Volksmond te beskryf. Beskrywend? Sommige daarvan beslis - ander weer bra tong-in-die-kies!

Doppies, oulyf en gelopene is, in dié volgorde, 'n klein silwervis, 'n heelwat groter een en dan die ou groot bulle - almal uit dieselfde familie. Parrie en kombers verwys na 'n pylstert of rog. Wat die twakkie betref, vertel Johan van Dyk dat sy pa, baie jare gelede, hierdie mooi vissies - elders bekend as *mooinooientjies* - op 'n hoop gestapel het. As gevolg van die tabakreuk wat toe ontstaan het, is die bynaam *twakkie* aan hulle toegeken. Die PW (polities gemotiveerd!) is natuurlik die rooistompneus. Dié bynaam is nog nie baie algemeen in gebruik hier by ons nie, lyk dit. Hy ruik ook so 'n bietjie, maar smaak besonder lekker.

**Albert Potgieter, voormalige Hengel-rubriekskrywer vir die Gans-Berg Nuus**

(*Met goedkeuring verwerk deur Hardus Botha*)



Rooistompneus.



Knorhaan.



Seebarber.

## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Friday 9/1/2026 | Saturday 10/1/2026 | Sunday 11/1/2026 | Monday 12/1/2026 | Tuesday 13/1/2026 | Wednesday 14/1/2026 |
|---|---|---|---|---|---|
| 22° | 25° | 26° | 23° | 22° | 27° |
| Fresh Breeze 9 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 10 m/s from east 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 10 m/s from south - east 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 5 m/s from west 0.5 mm precipitation. | Gentle Breeze 4 m/s from west 0.5 mm precipitation. | Fresh Breeze 9 m/s from south-east 0 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 9 January | 0722 | 1941 | 1345 | 0139 |
| 10 January | 0810 | 2037 | 1441 | 0200 |
| 11 January | 0908 | 2152 | 0233 | 1551 |
| 12 January | 1020 | 2323 | 0347 | 1709 |
| 13 January | 1137 | 0037 | 0513 | 1817 |
| 14 January | 1239 | 0129 | 0626 | 1908 |
| 15 January | 1327 | 0200 | 0721 | 1948 |
| 16 January | 0209 | 1407 | 0804 | 2023 |







Gans Berg Nuus/News

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford




# Gansbaai Gholfklub NG Kerk Fondsinsameling Gholfdag

Elmar Venter & Jacques Louw het met die louere tydens die 2Ball American Scramble NG Kerk Fondsinsameling Gholfdag weggestap - met ds Dirk van Dyk, Projekbestuurder, wat tevrede kan voel met 'n suksesvolle gholfdag. (Siren berig hiernaas).

**Woensdag, 31 Desember 2025:**
Geen kompetisie as gevolg van al die vakansiebesoekers op die baan.

**Vrydag, 2 Januarie 2026:**
Mike Germishuys wen die 9-putjie Enkel Stableford met 20 punte, gevolg deur Pieter Loubser 19, Corrie Avenant 19, John Smith 18, Francois van der Merwe 17, Johan du Preez 17, Callie Lourens 16, Sakkie van der Merwe 15, Marietjie de Villiers 15 en Deon Momberg 14.

**Saterdag, 3 Januarie 2026:**
Elmar Venter & Jacques Louw wen die 2Ball American Scramble NG Kerk Fondsinsameling Gholfdag met 63 net, gevolg deur Pieter Loubser & Willem Germishuys 65, JP Laubscher & Aileen Laubscher 67, Deon Momberg & Philip Taylor 68, Melvin Tobias & Roland Potgieter 69, Johan Faasen & J Pretorius 70, Deon Coetzee & Alfred Horne 70, A Andries & N Montague 70 en Cobus Dippenaar & Hugo Groenewald 71.
Naaste aan die pen op no 8 (Rooi), Willem Germishuys en (Geel), Johan Faasen; Op no 2 (Rooi), C Galloway en (Geel) Elmar Venter; Op no 11 (Rooi), Rene Myburgh en (Geel) Elmar Venter; Op no 17 (Rooi) Phillip Taylor en (Geel) Stef Hugo.
Langste dryf no 18: (Rooi) Deon Momberg en (Geel) A Andries.
Langste set op no 9: Jacques Louw.

**Saterdag, 10 Januarie 2026:** Kompetisie is 'n Houespel.

**Verjaarsdae:**
Corrie Avenant (5de), Roland Potgieter (7de), Waldo Visser (9de), Uta Rodenhauser (9de), Richard Freestone (10de) en Daniel van der Merwe (10de).


*Mike Germishuis.*


*Jacques Louw en Elmar Venter, wenners van die 2Ball American Scramble NG Kerk Fondsinsameling Gholfdag, saam met ds Dirk van Dyk (middel).*

**Groete,**
**Johan Coetzee 082 878 0534**

# NG Kerk Fondsinsamelings-gholfdag

Die NG Kerk se fondsinsamelings-gholfdag op Saterdag, 3 Januarie 2026 - 'n 2Ball American Scramble - was 'n enorme sukses, met bykans 60 inskrywings en uitstekende pryse wat gewen is. "Ek is baie tevrede, maar ook opreg dankbaar, vir die pragtige ondersteuning, asook teenoor ons borge vir uitstekende pryse," het Dirk van Dyk (emeritus predikant), projekbestuurder en self ook 'n kranige gholfspeler, gesê. Dirk het al die reëlings getref, asook die verkryging van die pryse en borgskappe - hy kan met reg tevrede voel met die verloop van die dag.


*Naas Vermaak met die 6 ℓ-bottel Pinotage (2007) van Conradie Family Vineyards, geskenk deur Henry Hall van Real Property, Worcester - gekoop vir R5 000 en weer teruggegee om volgende jaar opgeveil te word.*


*Die wenners: Jacques Louw, Elmar Venter, Pieter Loubser, Willem Geldenhuys, Steff Hugo en JP Laubscher.*

Elmar Venter en Jacques Louw het tydens die 2Ball American Scramble die louere weggedra (sien Johan Coetzee se volledige gholfberig). Pragtige bedrae is ook met die veiling van verskeie items ingesamel. Die bekende "afslaer", Bev Swart, het seker gemaak dat uitstekende pryse behaal word - as iemand se neus jeuk en hy krap, word die "bod" summier toegeslaan en Bev gaan eenvoudig voort! 'n Groot verskeidenheid items is opgeveil, selfs 'n Springbokboud wat R500 gehaal het.

'n Spesiale 6 ℓ-bottel Pinotage (2007) van Conradie Family Vineyards, geskenk deur Henry Hall van Real Property, Worcester, is ook opgeveil. Die bod is op Naas Vermaak vir R5 000 toegeslaan - tot almal se verbasing het hy die bottel minute later teruggegee en gesê dit kan volgende jaar weer opgeveil word. Wat 'n pragtige gebaar, Naas!

Dirk het die volgende bedankings voorgehou: eerstens die bestuur van die Gansbaai Gholfklub vir die beskikbaarstelling van hul gholfbane en fasiliteite. Die res van die borge (alfabeties), waarvoor hy sy opregte waardering betuig het, was: Amazing Grace; Bev Swart; Dippies Car Wash; Dyer Eiland Vissery; Fanie Bothma; Francois van der Merwe; Gansbaai OK Foods; Gansbaai Superspar; Henry Hall; Kuslangs Restaurant; Marietjies Pub & Grill; Marine Dynamics; Otto Fish Shop; Pick 'n Biltong; Pieter Loubser; Riaan Booysen; The Pet Grocer; Whale Coast Brewery; Willem Germishuys; Windmeul Kelder; Zesty Lemon.

Welgedaan met die aanbied van 'n besondere suksesvolle gholfdag, Dirk - jy mag maar!

**Hardus Botha**